Telefoon: (012) 332-3222 | e-posadres: gsdp@gsdp.org.za | webwerf: www.gsdp.co.za

GEREFORMEERDE SKOOL
**DIRK POSTMA**

Wees sterk en vol moed

# INFO 02/2026

**30 Januarie 2026**

## Van die skoolhoof

***Liewe GSDP-gemeenskap***

**Prestasie**

**1 Kor 4:7:** Wat het jy wat jy nie ontvang het nie?

Hierdie week het ek weer nagedink oor die woord **prestasie** en wat ons daarmee doen. Die HAT omskryf prestasie as iets belangriks wat 'n mens doen, byvoorbeeld op sport- of akademiese gebied. Prestasie lei dikwels tot prestige of sosiale status, en iemand wat presteer, onderskei hom- of haarself op grond van iets wat hy of sy kan doen.

Maar die Bybel plaas onmiddellik 'n ander lig hierop. Paulus vra in **1 Korintiërs 4:7:** "Wat het jy wat jy nie ontvang het nie?"

Dit is 'n retoriese vraag, en die antwoord is duidelik: **niks nie, heeltemal niks nie**. Niks van wat ek het of is, is aan myself te danke nie; ek het alles ontvang. Om werklik te glo dat God ons álles geskenk het, alles! – is om te bely dat ons bestaan volkome van Hom afhanklik is. Jakobus bevestig dit in **Jakobus 1:17:** "Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte."

Daarom moet ons waak teen die sonde van selfverheffing en trots, die subtiele versoeking om te leef asof ons onafhanklik van God is, terwyl Hy alles gee. Ons sien onsself maklik as hardwerkende mense wat 'n toekenning "verdien", en dan begin ons ons gawes met dié van ander vergelyk. Dit is 'n gevaarlike pad.

Die afgelope tyd sien en hoor ons egter met dankbaarheid dat die Dirkies mooi presteer – op sport-, kultuur- en akademiese vlak. Wat maak ons dan hiermee?

Die gelykenis van die talente gee vir ons 'n riglyn. Prestasie word daarin erken en beloon, en daardie beloning dien as aansporing tot verdere groei. Dit behoort ons juis aan te moedig om ons gawes en talente nog meer te ontwikkel, sodat dit tot groter diensbaarheid kan lei. Gelowige seuns en dogters wat hul op 'n bepaalde terrein onderskei, mag erkenning ontvang, Jesus gee ook erkenning in hierdie gelykenis.

Die wêreld waarin ons leef, plaas dikwels die fokus op die glans van applous, sertifikate en bekers. Eie koninkryke word gebou, die mens staan sentraal en ego's word gestreel. Dit kan maklik lei tot hoogmoed en selfverheerliking. Vir ons by GSDP, wat met dankbaarheid op mooi prestasies mag terugkyk, bring dit juis **'n groter verantwoordelikheid.** Ons sien die gawes wat die Here gee, en daarom móét ons dit ontwikkel. Ons mag prestasie beloon, maar altyd met die doel dat dit lei tot verdere ontplooiing en diensbaarheid.

Prestasie is egter nie net punte bo 80% of 'n nuwe rekord nie. Ware prestasie is wanneer 'n kind, bo alle verwagtinge, sy of haar gawes sien groei en verbeter. Die leerder wat met groot moeite 'n taak of vraestel slaag, presteer net so mooi soos die een vir wie hoë punte makliker is om te behaal.

Mag ons dan die prestasies ook aan die wêreld wys? Ja – mits dit so gedoen word dat dit nie mensverheerliking word nie, maar daarvan getuig dat ons vir die Here werk en dat Hy die vrug gee. Ons is rentmeesters wat nie die talente begrawe nie, en wat met dankbaarheid elke tydige beloning ontvang – tot Sy eer.

***Vriendelike groete***

*Saskia Meijer*



## Beplanner

- **13/02:** LS Atletiek te Laerskool Mayville
- **4/02:** Hardopleesdag
- **6/02:** HS Atletiek te Maragon Mooikloof
- **9/02:** LS Interne redenaars
- **10/02:** HS Senior netbaloefening begin

### ICO-atletiek

Ons is die jaar die gasheer vir die ICO-atletiekbyeenkoms wat DV Saterdag **14 Februarie 2026** te Hoërskool Oos-Moot plaasvind.

Ons benodig weer **gazebo's** vir die dag. Indien u bereid is om 'n gazebo vir die dag te leen, laat weet asseblief vir **me. Heikens (084 644 5923)**.

Gehoor in die Moot
Dr René Hornby
STA 0013943 PR 8212155
audiologists • oudioloë
B.Log IV & M.Communication Path (UP), Rem Dipl (RAU), Doctor of Audiology (A.T. Still USA)

Beste Ouers/Voogde

Ons by Dr René Hornby Oudioloë is besig met 'n navorsingsprojek om norme op te stel vir 'n nuwe toets wat waardevolle inligting ten opsigte van kinders se ouditiewe persepsie-vaardighede ondersoek.

Hiervoor benodig ons kinders vanaf 7 tot 18 jaar oud om te toets.

Wat behels hierdie toets?

1. Ouers vul vooraf 'n vraelys in oor kind se luistervaardighede (kort ja/nee vraelys).
2. Vraelyste word ontleed en geskikte kandidate word geïdentifiseer.
3. U en u kind moet dan asseblief ons praktyk besoek (oorkant Moot Hospitaal, 18de Laan). Die datum en tyd sal met u persoonlik bevestig word, maar ons mik vir 'n Saterdag in Maart.
4. U sal gevra om 'n vrywaringsvorm in te vul waar verduidelik word dat u kind anoniem aan hierdie studie deelneem en geen persoonlike inligting van u kind gedeel sal word nie, maar wel dat u toestemming gee dat die uitslae gebruik kan word vir norme-bepaling.
5. U kind ontvang 'n gratis oorondersoek, middeloordruktoets en gehoortoets.
6. Daarna gaan hulle luister na opgeneemde getalle wat hulle moet herhaal, bv. sewe, nege ens.
7. Die hele toetsprosedure behoort 20 minute te duur, en ons kan u 'n gratis afskrif van u kind se gehoortoetsuitslae saamgee.
8. Veilige parkering binne ons terrein is beskikbaar.

Indien u belangstel dat u kind betrokke moet wees by hierdie studie, stuur asseblief 'n epos na **laurenanncurrie@gmail.com** en ons stuur vir u die vraelys aan.

Kontak gerus vir Rozelle Roets (083 340 3043) met enige navrae.

Ons sien daarna uit om van u te hoor.

Vriendelike groete

DR R HORNBY    R ROETS    L TEE

18de Laan 536, Rietfontein
(Langs Casa Carmen Meenthuise)

5de Laan 663, Les Marais
(Tuinwoonstel oorkant Life Eugene Marais Hospitaal)

Posbus 25834, Gezina, 0031

T: 012 331 4469
F: 012 330 1387
E: admin@gehoorindiemoot.co.za
W: www.rhearing.co.za




## *Kleuterskool*

**Belangrike datums:**

**19 Februarie:** Kleuterkuieraand
**28 Februarie:** Kleuteratletiek
**25 Maart:** Fotodag
**25 Maart:** Oueraand



Laerskool

# TOETSROOSTER

## Kwartaal 1 (2026)

| DAG | GRAAD 4 | GRAAD 5 | GRAAD 6 | GRAAD 7 |
|---|---|---|---|---|
| **Vr. 27 Feb.** | | | | Afrikaans |
| **Di. 3 Maart** | Engels | Engels | Engels | Engels |
| **Wo. 4 Maart** | | | | Tegnologie |
| **Do. 5 Maart** | SW | SW | SW | SW |
| **Di. 10 Maart** | Wiskunde | Wiskunde | Wiskunde | Wiskunde |
| **Do. 12 Maart** | Nat & Tegn. | Nat & Tegn. | Nat & Tegn. | NW |
| **Vr. 13 Maart** | | | | EBW |
| **Di. 17 Maart** | Afrikaans | Afrikaans | Afrikaans | Afrikaans |

Leerlinge ontvang 9 Februarie hulle afbakenings.

Bybelonderrig, Kerkgeskiedenis en Lewensvaardighede/ Lewensoriëntering vorm nie in hierdie kwartaal deel van die toetsreeks nie, maar wel deel van die deurlopende assessering en klastoetse.



*Laerskool*

Skryf in op die Google-vorm voor of op 5 Februarie.

# INTERNE REDENAARS



**R20**
per inskrywing

MAANDAG
**9 Feb 2026**
LAERSKOOL

**17:30**

Leerlinge wat deurgedring het na die ATKV-redenaars sal 10 Februarie 'n brief ontvang.

Inskrywingsgeld beloop R240 en moet teen 13 Februarie betaal wees.

**Skryf hier in:**

# Hoërskool

## Wiskunde Olimpiade

Dit is weer tyd vir die Wiskunde Olimpiade. Inskrywings beloop R45 en is betaalbaar op D6, Snapscan of EFT (Verwysing: familiekode en WISK olimpiade) teen **18 Februarie**. Die eerste rondte sal 14:00-15:00 op 12 Maart in G2 geskryf word.




## Warmbad-uitstappie

Ons sit die tradisie voort! Die hele skool gaan DV op Vrydag **27 Februarie** Warmbad Forever Resort toe, die hele dag! Hou asseblief die datum oop. Koste beloop ongeveer R400 per leerling. ’n Volledige brief en vrywaringsvorm sal in die komende week uitgedeel word.

## Psalmboeke

Ons wil vra dat u asseblief sal seker maak u kind het ’n **Psalmboek**, en dat hy/sy dit daagliks skool toe bring. Ons sing Maandae Psalms tydens saalopening, Dinsdae tot Donderdae in voogperiodes en Vrydae tydens gesamentlike opening. Daar is heelwat leerlinge wat nie Psalmboeke het nie, en nie kan saamsing nie.

## Hoërskool

### Groentjiekonsert

Baie dankie aan die graad 12's en graad 8's vir 'n baie suksesvolle groentjiekonsert! Ons verwelkom die graad 8's as volwaardige Dirkies!

### Sportgroepe

Sluit asseblief aan by die verskeie sportkodes se **Whatsapp-groepe**. Al die nodige inligting word slegs op die verskeie sportgroepe gedeel. Indien u onseker is, kontak gerus mev. Janine Heikens.



# Advertensies


Verhoog selfvertroue en verbeter selfbeeld

Ontwikkel jou kind se liggaam, koördinasie, balans, konsentrasie, uithou- en deursettingsvermoë

REITZ
STOEI WRESTLING
AMATEUR

*Gestig in 1936*

Ontwikkel emosionele vermoë soos om wen-/verloor-situasies te kan hanteer en konflikhantering

Stoei is aanvullend tot alle sporte ,veral rugby

**AMATEURSTOEI • Die ideale sport vir jou kind!**

Stoei is by verre die “oudste” sportsoort wat beoefen word en dateer meer as 15 duisend jaar terug volgens grottekeninge wat in Frankryk gevind is. Stoei het later veral onder die Grieke, Romeine, Russe en Egiptenare 'n populêre tydsverdryf en Olimpiese sportsoort geword.
**Van al die sportsoorte waarvan 'n ouer en kind kan kies, is stoei waarskynlik die beste keuse - veral wanneer die totale ontwikkeling van die kind in ag geneem word. (Moet dit nie vergelyk met rofstoei nie!!)**


## Kom geniet 'n oefensessie saam met die stoeiers van Reitz Stoeiklub





Kontak **Christo Reitz** vir meer inligting **082 322 2392**
Hv 27ste en Ben Swart, Villieria | **www.reitzwrestling.co.za**

ZEROPLUS DRUKKERS: 012 333 6712 | www.zeroplus.co.za




## Oefentye vir 2026:

👉 Dinsdae en Donderdae
Bulletjies (0/4 tot 0/7): 17:30 - 18:30
Groep 1 en 2 (0/8 - 0/12): 17:30 - 18:45
Groep 3 (0/13 en op): 18:30 - 20:00

👉 Woensdae
Opvangsessie (of ekstra sessie) vir Groep 1, 2 & 3 stoeiers wat nie die oefening Dinsdag of Donderdag kon bywoon nie: 17:30 - 19:00.

📍 Kostes
👉 Intreefooi: R250 (eenmalig en slegs betaalbaar vir nuwe lede) - betaalbaar voor einde Februarie
👉 Klub en Noord Gauteng registrasiefooi: R650 per stoeier - betaalbaar voor einde Februarie
👉 Maandelikse klubfooie vir 10 maande (Februarie tot November): R550 vir die eerste kind, R450 vir die tweede kind en R400 vir die derde kind - maandeliks betaalbaar.

# ABAKUS WISKUNDE BREINONTWIKKELING



Mini Genius
3 +

Kids Genius
5 +

- Leerders kry 'n liefde vir Wiskunde
- Verbeter fotogeniese brein funksies
- Ontwikkeling van groot - en fynmotoriese spiere
- Verbeter probleemoplossing
- Bou goeie selfvertroue
- Verbeter konsentrasie
- Ontwikkeling van hoofrekene

A+ STUDENTS
Genius Mathematics

**Rachelle Freeman 0749560796**

---

## JUFFROU RACHELLE

**074 956 0796**

**Wiskunde hulp by jou skool!**

**Is Wiskunde 'n uitdaging?**
**Ek is hier om te help!**

**Vir Graad R - Graad 7 leerders.**

Kurrikulum Wiskunde klasse BY JOU SKOOL

Ons werk hand aan hand met die skool se onderwysers én assesseringsprogramme elke kwartaal.
Fokus: Deeglike inoefening van konsepte, herhaling van die week se werk, en hulp met huiswerk.

Resultaat: Selfvertroue en beter begrip in Wiskunde!    Skryf nou in en sien die verskil!

Juffrou Rachelle - BEd Grondslagfase Graad,
Honneurs in Leerderondersteuning en
abakus Wiskunde aanbieder vanaf 2016


Aros
Studeer
ONDERWYS
"Arrieveer" in 2027 – waar jou roeping om te onderrig, te inspireer en 'n verskil te maak, begin!
• 'n Toeganklike afstandsonderrigmodel
• Ten volle geakkrediteer
• 'n Wye verskeidenheid onderwyskwalifikasies
• Werk én studeer
• Studeer in Afrikaans, jou moedertaal
• 'n Christelike grondslag
www.aros.ac.za
info@aros.ac.za
012 332 3227

# GONS MET KENNIS TUTORONDERRIG

Registreer nou vir 2026

Kwaliteit, privaat tutoronderrig deur 'n gekwalifiseerde onderwyser.
Tutoring beskikbaar in Afrikaans en Engels.

---

AANLYN & IN-PERSOON | WAVERLEY

---

**Laerskoolvakke:**

Wiskunde (Graad 1 – 5)

Afrikaans Huistaal en Eerste Addisionele Taal

Engels Huistaal en Eerste Addisionele Taal

Sosiale Wetenskappe

Natuurwetenskappe

**Bykomende ondersteuning (Alle Grade):**

Lees-, spel- en skryfvaardighede

Studiemetodes en eksamenvoorbereiding

Kreatiewe kunsklasse om selfvertroue en uitdrukking te bevorder

**BUZZINGWITHKNOWLEDGE@GMAIL.COM**

# Wen Wetenskap & Wiskunde / Win Science & Maths.

**Graad 10 tot Graad 12**
**Wetenskap Pakkette:**

- Teorieboek met opsommings, vrbe & verduidelikings.
- Flashy Flitskaarte.
- 20 Eksamen Vraestelle met Memo's.

**Grade 10 to Grade 12**
**Science Combos:**

- Theory Book with summaries, examples and step by step explanations .
- 20 Exam Papers with Answer Sheets.
- Flashy Flash Cards.

**Graad 8 tot Graad 12**
**Wiskunde Pakkette:**

- Eksamenhulp Vraestelle met Memo's.
- Helena se Teorieboek (Slegs Graad 10 tot Graad 12).
- X-Faktor Werkskaarte en Opsommings.

**Grade 8 to Grade 12**
**Math Combos:**

- Examination Aid Exam Papers with Answer Sheets.
- X-Factor Worksheets and Summaries.

LISTEN TO THE PODCAST OF HELENA SPEAKING ON RSG ON THIS LINK

PLEASE VISIT

HTTPS://WENWETENSKAP.CO.ZA

HELENA - 0845103373

HV.VERWEY@GMAIL.COM

ARRIE NEL
APTEEKGROEP
Familie Waardes,
Waarde vir die hele Familie!

www.arrienel.co.za

GRATIS AFLEWERING

# WELKOM IN ARRIE NEL apteek WÊRELD!

# TOTIUSDAL
APTEEK

012 332 1911/2
061 549 2255
totiusdal@arrienel.co.za
Codoniarylaan 779, Waverley, Pretoria



# Snapscan Kodes

<u>Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende</u>:
EFT
D6-toep
Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

Snap here to pay
SnapScan
GSDP-SKOOLFONDS

Snap here to pay
SnapScan
GSDP-BOUFONDS

## Ondersteun GSDP & Herwinning

### Blits




**Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.**

**Dankie vir u ondersteuning!**

### My school

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

**Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.**

MySchool MyVillage MyPlanet

### Pick n Pay, Waverley Plaza

Pick n Pay
Inspired by you

**Plaas asseblief al u kasregisterstrokies in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.**

### GSDP: Glasprojek

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.**
**Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2026 te wees.**

